GAP Nuus Mei 2020

GAP MINISTRIES

Vriende,

Ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus. Hierdie is nie die gewone nuusbrief nie, en heelwat korter as gewoonlik. Ons sal waarskynlik eers weer hier later die jaar ons gewone gedrukte nuusbrief voorsien, ons voorkeur. Die digitale roete is vinniger en makliker maar het ook sy nadele. Ons wil graag net weer op die manier met al ons vriende en ondersteuners kontak maak. Oudergewoonte deel ons persoonlike- en bedieningsnuus.

Die lockdown het vir almal baie vinnig gekom. Ook vir ons. Die Afrikaanse vertaling van lockdown is vir my baie meer beskrywend, maar ons hou maar by die Engels omdat dit bekend is, en vinniger tik. Ons moes inderhaas vir Eldi wat 'n week vakansie gehad het die dag voor lockdown begin het, terugkry in Kimberley en kon ons 'n vinnige draai by Pieter maak op Van Der Kloof. Beide van hulle het met tussenposes gewerk tydens die lockdown. Nou is dat al 40 plus dae later en klink dit asof veral Pieter hulle volstoom aan die werk is. Die boere boer nou eers! Eldi hulle werk nog skofte. Om op die eerste dag van lockdown wakker te word met 'n doodse stilte na die vorige paar dae se histerie sal seker een van die vreemdste ervarings wees in my leeftyd. Stadigaan het die realiteit ingesink en het mens besef dis nie 'n fliek nie. Hierdie is die ware Jakob. Ek is seker in elke huis was daar dramatiese aanpassings en skommelings. Facebook het skielik in 'n resepteboek verander en whatsapp het jou op hoogte gehou van wie dit gemaak het om betyds by die huis te wees en wie nie, en wie moes by wie intrek. Soos Pieter wat by sy baas hulle ingetrek het. Hy het nie kans gesien om so lank alleen kos te maak nie. Die frustrasie om nie met vryheid te kan rondbeweeg nie het genadiglik plek gemaak vir al die goeie en flou grappies, en mense se kreatiwiteit. Kerkbyeenkomste het heeltemal 'n nuwe pajamabaadjie gekry en kon mens nou in jou eie kerk begin en reg rondom die aarbol kerk hou, en weer in jou eie sitkamer eindig.

Sugnét het haar kuns talent afgestof en was dit nie lank nie of die reuk van terpentyn het in die gang af gesweef. Ek moes inderhaas staanders prakseer. In die proses kon ek goed in die garage wat halfklaar was klaarmaak, soos die draaibank se nuwe staander met oom Lampies se hulp, die "forge", braaier en die klomp skrootmetaal in iets met 'n boodskap. En die groentetuin het nuwe lewe gekry. Gelukkig het Sugnet genoeg verf, kwaste en borde gehad. Gaan loer maar op facebook. Ek kon sonder hindernisse nou en dan op die plaas 'n draai maak en ook daar goed gedoen kry wat al lank lê en wag het vir 'n lockdown. Sugnét het ook weer 'n slag bo-op die coolerboks oor die muur in die bure se oë gekyk om te hoor hoe dit gaan. Dit was hier in die tweede week van lockdown wat ons begin oproepe kry het vir hulp en kon ons gelukkig met die gemeente en ander se hulp, die help wat in nood was. Dit was 'n baie vreemde ervaring om dit wat ons gewoonlik met soveel vrymoedigheid gedoen het, nou met uiterste versigtigheid te doen. Ons het eers heelwat later uitgevind waar ons permitte kon kry. Die paar keer wat ek gestop was het die SAP ons darem in vrede gelos. Dit bly nog steeds 'n baie vreemde idee, die permit storie. Maar dit laat mens met dankbaarheid dat ons ge-

woonlik met soveel vrymoedigheid kan doen wat ons doen. Dit mag dalk nie vir altyd so wees nie. Ons het groot dankbaarheid vir al die gesondheids- en veiligheidsdienste-werkers wat onder groot druk dit kon regkry om tydens die lock-down almal veilig te hou, ten spyte van al die kontroversie, wat ons nie sal verstaan as ons nie in hulle skoene is nie. Baie dankie aan ons persoonlike vriende en familie wat in dié hoedanigheid is. Ons het waardering daarvoor.

Die lockdown is nog lank nie verby nie en word ons vertel dat baie haarstyle nooit weer dielfde gaan wees nie. En, dit het ons ondervind met al die Zoom vergaderings en werk wat gedoen word in 'n virtuele, digitale wêreld. Praat van 'n pajamabaadjie. Die virtuele wêreld vervang nie rerig die markplein wat ons geken het nie, maar dit maak op, en mens kry steeds goed gedoen. Dat die epidemie vir ons land en vir baie ander lande se ekonomië sleg gaan eindig is 'n uitgemaakte saak. Mens weet net nie hoe sleg nie. Dit is 'n raaisel. Ons hoor van baie mense wat hulle inkomste of werk verloor, of die moontlikheid in die gesig staar, en is baie van hulle vriende. Vir ander besighede het dit weer soos manna uit die hemel gekom en is die ontploffing van aanlyn winkels verseker nie van korte duur nie. Dit is baie geriefliker dat jou bestelling voor jou deur afgelaai word eerder as wat jy met jou lang hare in 'n tou moet staan terwyl jy sukkel om asem te kry. Van al die Staatsdepartemente het die Departement van onderwys die lockdown seker met die minste takt en deursigtigheid hanteer. Die rippel effek van, nie weet hoe en wanneer die skoolbanke weer leer-ders gaan sien nie, strek vêr verby primêre en tersiëre onderwys tot anderkant die bult in die townships waar baie kleuterskole die res van die jaar uitgelewer is aan hoop en genade. Gelukkig werk die Here nie met raaisels nie. Hy weet alles, beskik alles en bepaal alles.

Ons onmiddellike fokus is om te help waar ons kan met wat ons kan en ander netwerke te help om dieselfde te doen. Jare se gestoei om al die kerke en organisa-sies in die Metropool in 'n netwerk te kry werp vrugte af in tye soos hierdie. Kommu-nikasie is net soveel vinniger en meer effektief. Idees, oplossings en hulpbronne kom baie vinniger op grondvlak uit. Hulpbronne is daar nie vir al die behoeftes nie en word 'n mens baie afhanklik van die Heilige Gees se leiding waar en wanneer om te help. Dit is daardié afsprake wat die Here in jou afspraakboek inskryf. Die landwye-en Oos-Kaap gebedsnetwerk het omtrent gewoel en ook daar moes ons fyn luister om te onderskei wie moet waarvoor bid, en wat moet by wie uitkom. Ook in die geval was daar 'n ontploffing van nasionale en internasionale aanlyn, of is dit nou lewendige gebedsinisiatiewe? Sommige bid jou vinnig aan die slaap terwyl ander weer jou alles net so laat los en gaan laat kyk of die Here nie al by jou voordeur staan nie.

Een van die boere se vrouens in Elandsrivier, ons Tannie Brenda is vroeër die week helder oordag aangehou en beroof terwyl oom Allan by sy beeste was. Dit het 'n rip-pel effek deur die Vallei gehad omdat dit gebeur het op die buurplaas, een van die plase waar mens dit die minste verwag het. Lockdown het 'n klomp goed verander, maar ander goed glad nie! Laat ons aanhou bid dat die Here in hierdie tyd van Pink-ster, Sy Gees oor ons land sal uitsort!!!!

Baie dankie vir almal van julle se getroue ondersteuning selfs in hierdie moeilike tye. Ons waardeer dit en bid dat die here in elkeen se geestelike en fisiese behoeftes op bonatuurlike wyses sal voorsien, en dat daar baie getuienisse uit hierdie lockdown gaan kom! Baie seën en sterkte.

Blessings